DIE BERGKLUB VAN SUID-AFRIKA

STELLENBOSCH AFDELING
POSBUS 152, STELLENBOSCH, 7599
Faks: 086 628 5477
e-pos: stellenbosch@mcsa.org.za
Internet: http://www.ste.mcsa.org.za

OMSENDBRIEF NOMMER 252 **HERFS (April tot Junie 2008)**

> Part of the beauty in mountaineering that has been laid out in so many epic tales is that we set ourselves challenges we don't know whether we will be able to meet. Then, despite ourselves and against all odds, we go out into these wild places and try anyway. Success and failure are clear. It's about the human quest: about adventure, about setting out and not knowing the outcome.
>
> Andy de Klerk (An Instant of Joy)

LEDEGELD VIR 2008

Kan jy al spog met 'n 2008 plakker op jou ledekaart? Indien nie het jy waarskynlik nog nie jou ledegeld betaal nie. Ledegeld is as volg vasgestel: Hooflid: R170. (Dit sluit in R90 vir ledegeld plus R80 vir die Joernaal wat elke hooflid ontvang.) Addisionele lede by dieselfde adres as die hooflid betaal R70. Gesinslede (skoliere onder 18 jaar) betaal R25. Vir lede van ander Afdelings, wat slegs die omsendbrief wil ontvang, is die koste R40. **Betaal asseblief voor 31 Maart**.
Direkte - of Internet inbetalings kan by ABSA gedoen word:
Rekening: Bergklub van SA Stellenbosch Afdeling; Tak: Stellenbosch; Takkode: 334-410;
Rekeningnommer 4058594483. LW: Gebruik asseblief jou lidnommer of van as verwysing op die inbetalingstrokie anders laat jy die Tesourier verder in die duister!

LEDESAKE en LEDENUUS

Gelukwensinge: Geluk aan Gerhard van Wyngaardt, ons voormalige voorsitter. Hy is tans die nuwe sekretaris van die sentrale kommitee (Cencom) van die BKSA. Sy epos adres vir die portefeulje is secretary_by_mcsa.org.za.

Nuwe lede: Ons verwelkom Kobus Botha as nuwe lid, asook Birgit Boldt wat gevra het vir oorplasing vanaf Kaapstad Afdeling.

Nuwe Aansoekers: Ons is baie bly oor die volgende aansoeke: Mark en Riana Geschke; Jaco en Annemarie Pretorius; Marilie Randewijk. Hoop om julle gereeld op uitstappies te sien!

Sterfgeval: Die Bestuur het ook onlangs met leedwese verneem dat een van ons lede, Johan Conradie, lid vanaf 1989, ongelukkig oorlede is in 2007.

LEDEBYDRAES VIR DIE NUUSBRIEF

Bydraes vir die Omsendbriewe wat in 2008 verskyn moet die Nuusbriefredakteur, Jeanette Holtzhausen, voor die volgende afsny datums bereik. Die beoogde datum van publikasie verskyn in hakies.
No 253: 16 Mei (Begin Junie 2008)
No 254: 15 Aug (Begin September 2008)

Die Nuusbriefredakteur verwelkom voorstelle, kritiek en bydraes vir die komende uitgawes. Dankie ook aan die leiers wat hul uitstappieverslae betyds indien.

WEBWERF

Lede kan gerus die klub se opgedateerde webwerf (http://www.ste.mcsa.org.za) besoek en word versoek om asseblief hulle e-pos adresse deur te gee aan die ledesekretaris. Daar word weeklikse e-posse uitgestuur met inligting oor die komende naweek se uitstappies. Hou ook ’n ogie op die webwerf vir nuttige skakels, onder andere na ’n nuwe posbestellingsdiens wat buitelewetoerusting verskaf.

WILDCARDS

Lede word aangemoedig om Capenature/ Sanparke se “Wildcard” aan te skaf. Dit sal help om permitkoste vir die Klub te bespaar en sodoende die ledegelde in die toekoms so laag as moontlik te hou. Verder bied dit die lid gratis toegang tydens privaat uitstappies na plekke soos Assegaaibos piekniekterrein in Jonkershoek en die Kaappunt Natuurreservaat.

BKSA JOERNALE

’n Volledige stel Joernale is beskikbaar vir lede se gebruik en word tans by Hans Scheffler in sy kantoor op kampus (kamer 404, US Informasietegnologie) gehuisves. Sy e-posadres is hscheff_by_sun.ac.za.
Hy is meestal in sy kantoor, maar as lede wil seker maak dat hy beskikbaar is, kan hulle hom bel by 082 788 9515 om te reël om 'n joernaal uit te neem. Uitleentydperk is twee weke.

EIENDOM: ZEEBASBOSCH

Kerswense is per epos gestuur aan die eienaars van grond wat grens aan die afdeling se Zeebasbosch eiendom. Gerhard en Freda het in Desember weereens heelwat uitheemse plante uitgeroei tydens ’n privaat uitstappie daarheen. Die eerste offisiële werksnaweek word beplan sodra die dagtemperature begin afkoel in Mei. (Sien klimprogram). Lede word egter aangemoedig om ook op hul eie te gaan, en veral lede met viertrekvoertuie se hulp word benodig - kontak vir Gerhard (sien laaste bladsy) indien meer inligting verlang word.

NOODHULP

Teuns het gereël dat Walther Meyer in Maart ’n lesing kom gee oor noodhulp in die berge. (Sien klimprogram). Dit behoort die moeite werd te wees vir lede, veral leiers, om dit by te woon. Die versoek was vir inligting oor die hantering van algemene beserings – beenbreuke, bysteke, ens. Walther is ’n noodhulp instrukteur en was betrokke by die ambulansdiens en helikopter-redding – hy is goed!
(Onthou ook - Lede met spesiale mediese behoeftes moet ook asseblief seker maak dat hulle toepaslike medikasie ensovoorts saamdra op uitstappies en vooraf die leier inlig – Red.)

DIE PIEK STEMPEL PROJEK

Die 10 Pieke projek is 'n inisiatief geloods deur ons afdeling om lede aan te moedig om weereens sommige van die "klassieke" bergspitse in die Suid-Wes Kaap te klim. Die plan is om met verloop van tyd ’n unieke stempel op elk van die tien gekose spitse te plaas. Lede ontvang elk ‘n kaart waarop hulle die stempels kan versamel soos wat die pieke bestyg word. Daar is reeds BKSA stempels geplaas op Katedraal (1515m), die Tweelingpieke (1494m) en Rifberg (1517m) in Jonkershoek, asook Groot Drakensteinpiek (1491m), Simonsberg (1390m) en Mostertshoek Tweeling (2031m). Die ander pieke wat deel uitmaak van die eerste fase is : Du Toitspiek (1994m),

Victoriapiek (1591m), Buffelshoekpiek (2059m), Sybasberg (1899m), Baileyspiek (1517m) en Matroosberg (2249m). Kontak die bestuurslid vir klimprogram by uitstappies by ste.mcsa.org.za indien u meer wil weet, of om aan die 10-pieke stempel projek deel te neem. U kan ook vir Teuns Kok kontak by 021-883 8946 (na ure). Lede kan ook op die ledegeld hernuwingsvorm aandui indien hulle die stempelkaart wil ontvang.

ALGEMENE BERGNUUS

Internasionale klimbyeenkoms in Suid Afrika - Paastyd 2008

'n Internasionale rotsklim byeenkoms word deur die Johannesburg afdeling vanaf 15 - 24 Maart 2008 in die Magaliesberge aangebied. Daar word nog rotsklimmers benodig vir roetes met gradering 15-30, sowel as mense wat 'n drie dag uitstappie na Blouberg kan onderneem. Hulp word ook nog benodig met vervoer. Belangstellendes kan vir Ulrike Kiefer kontak by ukiefer by icon.co.za of 011-907 7438(w). Meer inligting is beskikbaar op die nasionale webwerf. (http://www.mcsa.org.za/)

Supertramp 2008

Chris McCandless, a passievolle idealis, het homself op jeugdige ouderdom herdoop as Alexander Supertramp. Hy het sy ideale gevolg deur die beskawing vaarwel te roep en op 'n avontuur oorlewingsreis in die wildernis van Noord Amerika te vertrek. Sy filosofie kan opgesom word as "Om te leef is om te doen, en om te doen is om dit nou te doen! (Lees die boek – "Into the Wild" deur Jon Krakauer of kyk die fliek wat tans begin draai.)

Die jaarlikse MCSA Supertramp toekenning is ingestel om lede onder 25 jaar oud aan te moedig en te ondersteun in hul soeke na groot avonture – stap, rotsklim, ysklim, Alpynse roetes word in aanmerking geneem. Hierdie jaar se aansoeke om 'n bedrag van R12000 het 31 Desember 2007 gesluit – maar verbasend genoeg daar was geen aansoeke nie! (Dit is nie seker of die geld nou al toegestaan is nie.) Maak in elk geval seker dat alle lede onder 25 bewus is van hierdie jaarlikse toekenning – en kry solank jou planne agtermekaar! Meer inligting en vorms kan verkry word by die MCSA webwerf of kontak vir Petro Grobler. (Tel: 012- 8091022; petrogrobler_by_ telkomsa.net.)

Cederberg staproetes

Drie nuwe staproetes is in die Cederberg geopen onder die bestuur van die "Cederberg Heritage Route" - 'n openbare/private samewerkingsorganisasie. ("Voluntary Association not for gain.") Dit sluit in die 4 nag "Groot Krakedouw" en 5 nag Wupperthal roetes. Soos met die walvisroete word bagasie vervoer, soms met donkiekarre, en stappers dra slegs dagsakke. Bergklublede en hulle vriende is genooi om die roetes uit te probeer teen spesiale pryse tot einde Maart. Terugvoer sal baie waardeer word. Details van die roetes is beskikbaar by www.cedheroute.co.za. Besprekings kan gemaak word deur: Cedarberg African Travel – Cecily Muller 027-482 2444; 027-482 1420 (fax); cecily_by_cedarberg.co.za.

Ekspedisie na Patagonië suksesvol

Geluk aan die volgende lede van die BKSA met 'n baie suksesvolle ekspedisie na Patagonië: Alard Hüfner, Marianne Pretorius, Voytek Modrzewski, Douard le Roux en Shelley Plumb. Hulle het daarin geslaag om al drie die "Towers of Paine" te klim tydens 'n 14 dae uitstappie na die Paine Nasionale Park. Dit word gereken dat Marianne moontlik die eerste vrou is om al drie die torings te klim! Lees die volle storie op die Johannesburg Afdeling se webwerf.

Magaliesberg Afdeling: BKSA Jaarlikse Dinee, 9 Pieke projek

Die Magaliesberg Afdeling bied vanjaar se dinee aan op Saterdag 17 Mei 2008, as deel van hulle veertigjarige bestaansvieringe. Dit word gehou by die Mokha Restaurant op die pragtige gronde van die Nasionale Botaniese tuin in Pretoria. Andy de Klerk, bekende Suid Afrikaanse klimmer, is die gasspreker. Die kaartjies kos R230 per persoon. Kontakpersone: Otti Neser (w) 012-304 9565, (h) 012-361 6573, 082 451 9582 en Christa van Schalkwyk (h) 012-326 5611; 072 378 1669.

Lede word ook uitgenooi om die volgende Sondag, 18 Mei, saam met hulle die hoogste punt in die Noordwes Provinsie te gaan klim, naby Nooitgedacht in die Magaliesberg. Dit is deel van 'n inisiatief

om die hoogste punte in al die provinsies in hul 40ste bestaansjaar te klim. (Sien hieronder vir meer inligting.)

Nine Summits 2008

As part of their 40th anniversary celebrations, Magaliesberg Section invites members from all over the country to join them in climbing any or all of the highest peaks of SA's nine provinces. Some details are still provisional, but are supplied now so as to set the scene:

PEAK (m); PROVINCE - MOUNTAIN RANGE; DATE(S); LEADER - CONTACT DETAIL:

1) Mafadi (3451m); KZN -Drakensberg; 1-4 May; Archie Archibald - 083 468 1050, 016 889 2459 (w)
2) 'Namahadi' (3291m); Free State - Maluti's; 26-28 April; Helgaard van Rensburg - 082 565 5119, 012-548 2571 (h)
3) 'Kwaduma' (3019m); Eastern Cape (ex Transkei); Sept/Oct; Hendrik Verloren v Themaat - 082 324 5596, 012-996 0070 (h)
4) Die Berg (2331m); Mpumalanga - Steenkampsberg; 14-16 Jun; Reuben Heydenrych - 083 450 0628, 012-348 3078 (h)
5) Seweweekspoort Peak (2325m); W Cape - Klein Swartberg; Dec; André Schmidt - 082 400 6096, 011 742 1538 (h)
6) Kriegersbaken (2156m); N Cape - Sneeuberg; Sept; Michael Stiller - 084 400 6096
7) Iron Crown (2126m); Limpopo - Great Escarpment; May/July; Dries Bekker - 082 416 2880, 012 428 2301 (w)
8) Toringkop (1913m); Gauteng - Suikerbosrand; 19-20 April; Gerhard Venter - 084 817 9200, 011-976 2314 (h)
9) 'Nooitgedacht West' (1805m); North West Province - Magaliesberg; Sun 18 May; 2008 Chairperson – chair_by_mcsamag.org.za

UITNODIGING NA JAARLIKSE NASIONALE BYEENKOMS: WOLKBERG

Die Johannesburg Afdeling bied 'n jaarlikse nasionale byeenkoms aan in die Wolkberg Wildernis gebied, Limpopo Provinsie, naby Tzaneen. Basiskamp by Serala bosboustasie. Datums: Vanaf 25 April tot 4 Mei 2008, kom vir soveel dae as jy wil, sluit enige tyd aan. 'n Formele ete word op 26 April aangebied. Reël jou dinge so dat jy dit kan bywoon.
Aktiwiteite: Daguitstappies tot langer stappe wat oor 'n paar dae kan strek, rotsklim en begeleide uitstappies onder leiding van 'n tuinboukundige.
Kampeerfasiliteite sluit in: Warm storte, vuurmaakhout, toilette. T-hemp en sangbundel te koop.
Verdere inligting, koste ens: Mike Grant, 082 940 9493, e-pos: olmec by alink.co.za
Besprekings noodsaaklik by Uschi, 011 807 1310, e-pos: admin by jhb.mcsa.org.za
(E-posadressse: vervang by met @, tik alles aanmekaar.)
(Vir die wat nog nie daar was nie – julle kan uitsien na kranse met vergesigte oor die Mpumalanga platorand, inheemse woude met Clivias, mistige grasvelde met baie veldblomme, bergstrome en swempoele… moenie die geleentheid mis nie! – Red.)

TOEGANG

Die volgende kwessies het onder ons aandag gekom:

Bergplaas (Sneeugat) – Toegang oor die plaas Bergplaas na die Sneeugat area en Klein Winterhoek rotsklim areas word steeds nie toegelaat nie. Die Kaapstad afdeling is in kommunikasie met die Zeeman familie om hulle besluit te heroorweeg.

Krom Rivier (Cederberg) – Die Aandrag familie het onlangs 'n groot gedeelte van Kromrivier by die Nieuwoudts gekoop. Gelukkig is Rudolf Aandrag tans goedgesind teenoor die Klub en geen verandering aan die huidige toegangsreëlings vir die Breekkrans eiendom word voorsien nie.

Kromrivier (Du Toit's Kloof) – Daar was onlangs 'n insident waar lede van die Kaapstad Afdeling 'n toegangshek na Kromrivier hut oop vergeet het – tot groot ontsteltenis van die grondeienaar. Lede word herinner om asseblief streng by die toegangsreëlings - vir beide privaat en Staatseiendom – te hou. Die belangrikheid hiervan kan nie oorbeklemtoon word nie, aangesien so 'n insident maklik daartoe kan lei dat die Klub in die toekoms toegang geweier word tot die betrokke eiendom.

Milner Kloof - Steeds gesluit.

Jan du Toit's Kloof – Cape Nature het vroeër vanjaar sonder waarskuwing of bespreking besluit om die kloof te sluit. Die BKSA is in gesprek met betrokke partye om te kyk of die kloof teen die komende somer heropen kan word.

Zuurberg/ Vredehoek (Waaihoek) – UCT se Mountain & Ski Club het onlangs grond aangekoop wat onbeperkte toegang verleen tot hul Zuurberg eiendom (Waaihoek) en tot die Witels. (In die verlede was daar probleme met sommige grondeienaars.) In ruil vir 'n betekenisvolle finansiële bydrae vanaf die Bergklub, waartoe Stellenbosch Afdeling ook bygedra het, het hulle ingestem om die Klub se serwituut oor 'n gedeelte van Zuurberg uit te brei. Die nuwe serwituut strek oor die hele Zuurberg en 'n gedeelte van Vredehoek, en is in die proses van registrasie. Toegang tot die UCT eiendomme, hutte en Witels word steeds deur UCT geadministreer.

Klub Eiendomme – Lede word aangemoedig om van die BKSA se fantastiese berg eiendomme gebruik te maak vir privaat en klub uitstappies. Betrokkenheid by werksnaweke en bewaringsinisiatiewe word ook altyd waardeer.

EDMUND HILLARY

Nieu-Zeelandse klimmer Sir Edmund Percival Hillary is vroeër vanjaar op 88-jarige ourderdom oorlede. Hy het bekendheid verwerf toe hy en Sherpa Tenzing Norgay op 29 Mei 1953 die eerste klimmers geword het om die Berg Everest suksesvol te bestyg as deel van die negende Britse ekspedisie na Everest. Die ekspedisie is gelei deur John Hunt en het bestaan uit meer as 400 mense, onder andere 362 portiere, 20 Sherpa gidse en meer as 10 000 pond bagasie – duidelik 'n grootse poging! Hillary is tot ridder geslaan vir die prestasie. Na die oorwinning van Everest het Hillary nog tien ander pieke in die Himalayas geklim en het ook later die Suidpool en Noordpool besoek.

Hy het 'n groot deel van sy lewe toegewy aan sosiale hulpverlening vir die Sherpas van Nepal, deur die stigting van die "Himalayan Trust". Hy het hom beywer vir verbeterde lewenstoestande en ook vir die bewaring van die omgewing in Nepal. Baie skole en hospitale is deur sy toedoen gebou in afgeleë gebiede van die Himalayas.

Hillary het minagtend gereageer op die kommersialisering van Everest en die houding van sommige moderne bergklimmers om ten alle koste sukses te behaal. Hy was veral krities oor 'n groep klimmers wat in Mei 2006 die Britse klimmer David Sharp teen die berghang gelaat het om te sterf. Hy het gesê: "I think the whole attitude towards climbing Mount Everest has become rather horrifying. The people just want to get to the top. They don't give a damn for anybody else who may be in distress and it doesn't impress me at all that they leave someone lying under a rock to die." (Laat 'n mens dink - red.) Meer inligting by: http://en.wikipedia.org/wiki/Edmund_Hillary

KLIMPROGRAM: APRIL tot JUNIE 2008

ALLE DEELNEMERS:

- Deelname aan alle uitstappies geskied **op eie risiko**.
- Bel asseblief die leier voor elke uitstappie om plek te bespreek.
- Sluitingsdatum gewoonlik een week voor datum.
- Die tye op die program aangedui is vertrektye, kom asb. 10 minute vroeër.
- Indien jy twyfel oor die moeilikheidsgraad van die uitstappies, bel die leier vir meer inligting.
- Nie-lede betaal R20 vir deelname per uitstappie plus die volle permitfooi.
- Persone wat kanselleer na die sluitingsdatum sal vir permit koste aanspreeklik gehou word.
- Die bymekaarkom plek vir alle uitstappies is voor die US Elektriese Ingenieursgebou se ingang (parkeerterrein aan die Oostekant van die Ingenieursgeboue uit Banhoekweg), tensy anders vermeld.
- In geval van slegte weersomstandighede kan die leier besluit om 'n uitstappie te kanselleer.
- Lede met **Wildcards:** laat weet asb leier vooraf en bring saam op die uitstappies.
- Stappers word versoek om asseblief die korrekte bedrae vir toegangsgeld en brandstof saam te bring. Veral by Jonkershoek se hek veroorsaak dit heelwat bykomende vertraging as daar met kleingeld gesukkel moet word.

LEIERS:

Stuur asb 'n volledige uitstappie verslag aan die bestuurslede vir Klimprogram, Nuusbrief en aan die Sekretaris (sien adresse op agterblad van die Nuusbrief) en 'n harde kopie aan BKSA, Posbus 152, Stellenbosch, 7599.

(1) SATERDAG 15 MAART 2008: WOLWEKLOOF
Halfspoed. Kinders welkom. Rustig met lekker swempoele.
Leier: Lydia Cilliers: 021-876 4461h of lydiac_by_telkomsa.net
Vertrek: 8h30 vanaf Robertsvallei.
Bydrae tot brandstof: R30

(2) SATERDAG 15 MAART: PIEKE, JONKERSHOEK
Langrivier op, Nerina af. Fiksheid vereiste.
Leier: Teuns Kok: 021-883 8946h of teuns.kok_by_capetown.gov.za
Vertrek: 7h00 vanaf Jonkershoek.
Bydrae vir brandstof: Stap vanaf hek.

NAWEEK 5-6 APRIL 2008: FIETSTOER, STELLENBOSCH-BAINSKLOOF
Stellenbosch-Wellington-Bainskloof en terug. Bagasie per motor vervoer. Kamp by Steenboksberg in Bainskloof. Nie-fietsers welkom vir saam kamp & kuier. Bel leier.
Leier: Paul Verhoeven: 021-887 4113h of pfmv_by_sun.ac.za
Vertrek: 7h00 vanaf die Elektroniese Ingenieursgebou.
Bydrae vir brandstof: R45

SATERDAG 12 APRIL: TWAALF APOSTELS, TAFELBERG
Stap met die Apostels langs van Kasteelspoort na Suikerbossie.
Leier: Nico Holtzhausen: 021-715 2408h of Nico_Holtzhausen_by_yahoo.com
Vertrek: 7h00 vanaf die Elektroniese Ingenieursgebou.
Bydrae vir brandstof: R45

SATERDAG 19 APRIL: HOTTENTOTS-HOLLANDBERGE
Verken Landdroskloof en klim Landdrosnaald. Bel leier.
Leier: Teuns Kok: 021-883 8946h of teuns.kok_by_capetown.gov.za
Vertrek: 7h00 vanaf die Elektroniese Ingenieursgebou.
Bydrae vir brandstof: R25

NAWEEK 1-4 MEI 2008: KRAKADOUW, SEDERBERGE
Gesinsnaweek. Ons stap kinderspoed. Getalle beperk. Bel leier teen 17 April.
Leier: Lydia Cilliers: 021-876 4461 of lydiac_by_telkomsa.net
Vertrek: 12:00 by die Heuningvleiafdraai
Bydrae vir brandstof: R160

SATERDAG 10 MEI: NOODHULP IN DIE BERGE
Walther Meyer kom gesels oor noodhulp in die berge en wat om saam te dra.
Konvenor: Teuns Kok: 021-883 8946h of teuns.kok_by_capetown.gov
Tyd en plek: 8h15-13:00, Jan Marais Natuurreservaat. Bydrae: R10

SONDAG 11 MEI: PIC-SANS-NOM, JONKERSHOEK
Minder bekende roete en piek in Jonkershoek vir uitsigte oor Valsbaai.
Leier: Teuns Kok: 021-883 8946h of teuns.kok_by_capetown.gov
Vertrek: 7h00 vanaf Jonkershoek.
Bydrae vir brandstof: R10

NAWEEK 17-18 MEI: ZEEBASBOSCH WERKSNAWEEK
Verskeidenheid van werk naby kampplek - denne teen die kranse tot hakea en den saailinge om uit te trek. Bring saam langbroeke en handskoene teen die stekels. Bel leier.
Leier: Gerhard van Wyngaardt: 021-685 5428h of 082 233 4927
Vertrek: 7h00 vanaf die Elektroniese Ingenieursgebou.
Bydrae vir brandstof: Bestuurders uit klubfondse vergoed.

SONDAG 25 MEI: ROTSKLIM, LAKESIDE PINNICLE
Verskeidenheid klimme - *single-pitch* roetes en ‘n *multi-pitch*. Bring harnas indien jy het.
Bel leiers voor die tyd om toerusting en roetes te bespreek.
Konvenor: Paul Verhoeven: 021-887 4113h of pfmv_by_sun.ac.za
Leier: James Krohn: 021-783 1780h of 082 352 0634 of krohn_by_networld.co.za
Vertrek: 7h30 vanaf die Elektroniese Ingenieursgebou of ontmoet leier op Boyes Drive om 8h30.
Bydrae vir brandstof: R45

SATERDAG 31 MEI: STELLENBOSCHBERG
Vanaf Paradyskloof. Makliker stap vir Skiereiland uitsigte. Bel leier saans na ses uur of naweke.
Leier: Hans Scheffler: 082 788 9515 of hans-stemail_by_jcscheffler.co.za
Vertrek: 7h30 vanaf die Elektroniese Ingenieursgebou.
Bydrae vir brandstof: R15

SATERDAG 7 JUNIE 2008: SIMONSBERG
Die juweel van die wynlande met pragtige uitsigte. Bel leier.
Leier: Louw Engelbrecht: 082 781 0783
Vertrek: 7h30 vanaf die Elektroniese Ingenieursgebou.
Bydrae vir brandstof: R30

NAWEEK 14-16 JUNIE: WITTEBERG EN OMGEWING
Halfspoed. Kinders welkom. Ons kamp op die Agter-Wittebergvlakte. Bring tente en wintertoerusting. Klim Witteberg en verken omgewing. Bel leier teen 12 Junie.
Leier: Lydia Cilliers: 021-876 4461h of lydiac_by_telkomsa.net
Vertrek: 9:00 vanaf bokant van Du Toitskloofpas.
Bydrae vir brandstof: R45

SATERDAG 21 JUNIE: HAELHOEK SNEEUKOP
Stap vanaf die Du Toitskloofpas. Bel leier.
Leier: Brian Brock: 021-797 1901h of 084 702 1365
Vertrek: 7h00 vanaf die Elektroniese Ingenieursgebou.
Bydrae vir brandstof: R40

NAWEEK 28-29 JUNIE: KOUE BOKKEVELD SNEEUKOP

Groot en hoë berg met ver uitsigte. Ons kamp naby die baken – bo 2000m. Bring tente en wintertoerusting. Bel leier.
Leier: Teuns Kok: 021-883 8946h of teuns.kok_by_capetown.gov
Vertrek: 8h00 vanaf die Elektroniese Ingenieursgebou.
Bydrae vir brandstof: R80

GENIET DIE STAP !!

UITSTAPPIEVERSLAE

Hangklippiek, Pringlebaai, 1 Desember 2007

Met vorige besoeke was daar altyd baie twyfel oor toegangsreëlings en permitte. Nou kry jy die sleutel vir die hek by die Country Shop en betaal 'n deposito van R20. (Jy kry R15 terug wanneer die sleutel terugbring word.) Die paadjies is bietjie oopgesny, maar dit is steeds moeilik om die roetes te vind na die bakkrans, feëtjiegrot en kabouterbos. Daar was pragtige veldblomme oral en ons het wonderlike uitsigte in alle rigtings geniet. Een van ons mooiste en toeganklikste plekke – selfs vir ouer lede. (Agt van die twaalf deelnemers was oor sestig – sommige 'n hele ent verby!)

Coen Calitz

Kromrivierhut, 8-9 Desember 2007

Gesinsnaweek na Kromrivierhut: Ons het heerlik geswem, geklouter en geswaai – Theuns het weer vir ons 'n LANG swaai tussen die dennebome geprakseer. En daar het heelwat dennebome in die veld gegroet.

Lydia Cilliers

Volstruiskloof, Naweek 12-13 Januarie 2008

Ons het Saterdag in Duiwelskloof opgestap en net onder die nek geslaap. Sondag is ons af in Volstruiskloof – baie watervalle met 'n totaal van 15 abseils. Het gewissel van 'n paar kort en medium lengte abseils, tot twee watervalle wat dubbel abseils genoodsaak het met halfpad staanplekke. 'n Avontuur duisend!

Teuns Kok

Witterivier, Bainskloof, 19 Januarie 2008

Na 'n frustrerende episode om 'n permit by CapeNature te reël (sien elders in die nuusbrief), het die groot dag aangebreek. Alhoewel hierdie Witterivier uitstappie, ook bekend as die Witrivierkloof uitstappie, of 1ste Tol na 2de Tol of "Rock Hopper Trail" soos CapeNature dit noem, slegs 8km lank is, is dit nou nie juis bedoel vir jou gemakstoel buitelewe entoesias nie. Ek dink dit is padlangs gemeet en nie rivierlangs nie. Daar is ook baie klippe waaroor mens moet "boulderhop" en baie poele waarin of waardeur 'n mens kan swem.

Alhoewel ek gehoop het vir 'n snikhete dag, was die koel windjie in die kloof gelukkig nie te erg om my swem lus te breek nie. Met swempoele te kus en te keur is dit eenvoudig onmoontlik om 100m te stap sonder om iewers te swem. Die hoeveelheid vis lewe in die rivier het almal verstom. Ek hoop net nie dis een of ander uitheemse spesie wat besig is om oor te neem soos die Wattels nie... As CapeNature nie gou spring om 1ste Tol opruim van die Wattels nie, gaan die hoeveelheid uitheemse plantegroei stroom af net erger raak.

Tussen my en Ingrid Uys se (Graad 10??) seun het ons gekyk wie kan in die meeste poele swem. My ouderdom het my ongelukkig ingehaal en hy het met 'n kort kop gewen...
Behalwe vir die paar nuwe motorwrakke onder in rivier ('n Jeep Cherokee & 'n Tata bakkie) en 'n Kaapse kobra wat Leonie uiteindelik tot die insig laat kom het dat om *deur* die poele te swem baie beter is as om *om* hulle te probeer loop, het daar niks ernstig gebeur nie.
Moeg ge-"boulderhop" en moeg geswem het ons uiteindelik sopnat so teen 18:00 se kant by 2de Tol opgedaag. Dit is mos hoe 'n warm dag in die Boland se berge deurgebring moet word...

Peter-Jan Randewijk

Waaihoek Naweek, 25-27 Januarie 2008

Met helfte van die geselskap wat op die nippertjie uitgedraai het, is ons net twee gesinne wat inry Waaihoekkloof toe. Cape Nature het Jan du Toitskloof gesluit om verskeie redes. Ons besluit toe Waaihoekkloof en Superiorkloof is 'n goeie alternatief vir die warm weer. Ongelukkig was daar toe nog 'n misverstand oor groot rugsakke versus dagsakke. Helfte van die geselskap is toe Saterdag na middagete terug na die karre toe en dit is toe net ons Cilliers wat aandruk na Superiorkloof toe.

Die gebrek aan 'n paadjie en die hitte het ons in die kloof gehou, en heelwat tyd is verspeel in die poele. Ons het sowat 100m (soos die kraai vlieg) voor Superiorkloof kamp opgeslaan en toe net voor skemer gekyk hoeveel verder ons met ligte sakke kan kom. Die tyd het ons ingehaal, en ons hou maar die mooi watervalle vir 'n volgende keer. Die afstap het swem-swem gegaan, en ons was bly om in 'n kloof te wees en nie by die huis nie! Daar is heelwat opslag hakea na die brand van twee jaar gelede.

Lydia Cilliers

Tafelberg rotsklim, 26 Januarie 2008

Ses klimmers, waarvan twee beginners was, het by Kloofnek se parkeer area versamel en as gevolg van die hittegolf wat die Wes-Kaap teister, is besluit om klimme in die koelte aan te pak. Die sandsteen rotse aan die weste kant van Leeukop het tot met middagete welkome skadu gegee. Daar is vier enkel-trajek klimme van verskillende moeilikheidsgrade (D en E) geklim; totdat die son die rotse en klimmers te warm gemaak het. Mike het ons via 'n paadjie wat slegs deur klimmers gebruik word tot bo-op Leeukop gelei. Teen drie uur was ons terug by die karre en het dadelik 'n paar koeldranke en roomyse gaan soek. In hierdie hittegolf was 'n kloofing uitstappie beslis 'n beter voorstel.

Paul Verhoeven

Kogelberg, 2 Februarie 2008

Daar was twintig deelnemers, waarvan elf lede, twee aansoekers en sewe gaste was. Ons kry mekaar by Natuurbewaring se kantoor en handel die formaliteite af. Mooi weer en helder lug maak die stap na die T-aansluiting kort en die blomme maak dit interessant. Ons swem in die onderste poel van die Dwarsrivier en stap dan per voetpaadjie terug na die Palmietrivierpoel met die sandstrand waar ons swem en middagete eet. By die laaste swempoel voor die kantoor bereik word, swem ons nog vir oulaas. Waatlemoen en koffie op La Paix se stoep sluit die uitstappie tot almal se tevredenheid af.

Dieter Steinmann

Dwarsbergplato, 9 Februarie 2008

Die groot groep van 24 stap op in koel weer na die Dwarsbergplato. Vir die "plato toer" volg ons Reënmeterkloof tot by die twee klein poele en verder tot by 'n groot poel vir middagete. Die kloof het werklik pragtige disas wat die stappers opgewonde laat. Ons maak 'n draai by Hauptfleish se grot vir 'n kort kuier besoek. Na die eindelose draaie van Kurktrekker is dit 'n laaste swem en dan stap ons uit na Witbrug. Jeanne se opsomming lui – "and a good time was had by all".

Teuns Kok

Adolfskloof, 23 Februarie 2008

Bo-op Franschhoekpas is al die warm klere uitgeruk en daar is getwyfel of daar later geswem gaan word. Maar die bewolktheid het die instap heerlik koel gemaak, en die son het mooi uitgekom net voordat ons by die pragtige poel gekom het. Die water was heerlik warm (relatief), en 'n paar van ons het verby die waterval geklim tot by die volgende poel.

Danksy Peter-Jan se e-pos vroeër die week wat alle kinders tussen 0 en 80 uitgenooi het om te kom, was die jongste deelnemer 6 en die oudste 75! Franco was die oudste, en ook die enigste deelnemer wat droogvoets tot by die poel gestap het - hy het vir ons gewys dat 'n mens op 75 nog oor 'n boomstomp kan loop! Soos dit nou al gewoonte raak, het die leiers oppad af agtergeraak en laaste by die karre gekom. Daar is nog baie geswem; die vissies het ons tone geknibbel; 'n mini-oerwoud is verken; ons het 'n boesmangrot besoek – dis mos 'n kinderparadys! Die onderste deel van die kloof het twee weke gelede gebrand, en ons was weereens verstom hoe vinnig die brandlelies hulle pragtige rooi koppies kan uitsteek!

Lydia Cilliers

DIE BESTUUR VIR 2007/2008

Voorsitter	Paul Verhoeven	021 887 4113 (h)	voorsitter by ste.mcsa.org.za
Onder-voorsitter & Bemarking	Riaan Doorduin	083 289 3942	riaan.doorduin by gmail.com
Lede sekretaris & Tesourier	Pieter Diener	021 887 2265 (h)	lidmaatskap by ste.mcsa.org.za
Sekretaris	Louw Engelbrecht	082 781 0783	sekretaris by ste.mcsa.org.za
Nuusbriefredakteur	Jeanette Holtzhausen	021 715 2408 (h)	nuus by ste.mcsa.org.za
Klimprogram	Teuns Kok	021 883 8946 (h)	uitstappies by ste.mcsa.org.za
Toerusting	Paul Verhoeven	021 887 4113 (h)	toerusting by ste.mcsa.org.za
Kommunikasie	Peter-Jan Randewijk	021 883 3406 (h)	webwerf by ste.mcsa.org.za

Lede met spesifieke opdragte:

Eiendom	Gerhard van Wyngaardt	083 233 4927	Gerhard by hho.co.za
Klub sleutels	Mientie Holtzhausen	021 887 1651 (h)	Oranjelaan 7, Uniepark
Webwerf	Alida Joubert-Louw	021 808 2731 (h)	alida by jeanne.co.za

Die bestuur is ook per faks bereikbaar. Ons sal jou faks boodskap per e-pos ontvang. Die faksnommer is 086 628 5477.
Let wel: Indien jy die bestuurslede per e-pos wil kontak, vervang dan die "by" met "@" in die adresse hierbo. Dit geld vir alle e-pos adresse in die nuusbrief vermeld.

NUTTIGE KONTAKNOMMERS

BKSA Kaapstad Afdeling Kantoor:	021-465 3412
WKNBR Jonkershoek Kantoor:	021-866 1560
Jonkershoek Reservaat bestuurder	Patrick Shone 082 467 0405
Bergredding: Metro/WSAR	10177 of 021-948 9900

Cape Nature: http://www.capenature.org.za/Bookings/html/bookings.html
Indien probleme ondervind word met die webwerf gebruik die telefoonnommer vir plekbesprekings 021-659 3500 of stuur e-pos: bookings by capenature.co.za. Vir mense wat probleme ondervind om 'n bespreking by CapeNature te maak, kontak direk vir Donna Laloux (Call Centre Manager) vir vinnige flink diens. Donna is ook nie skaam om jou in Afrikaans te help nie.
Haar kontak besonderhede is: dlaloux by capenature.co.za 021-659 3411 of 086 528 9681

Nuusbrief versorg deur Jeanette Holtzhausen
einde van nuusbrief No 252